

Verskillende vorms van doop?

Verskillende vorms van doop? – Jan van der Watt

Ben vra:

Ek is erg bekommerd. Ek het die webblad besoek, maar dit wil vir my voorkom of elkeen maar kan kies in watter doop hy of sy belang stel na gelang van die verskillende skrywers se sieninge. Dit kan mos nie. Efesieërs 4,5 leer vir ons een Here een geloof een doop.

Die Bybel maak dit baie duidelik in Handeling 2,38 dat ons tot bekering moet kom en in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word tot vergewing van sondes. Die Naam van Jesus verteenwoordig sy bloed gestort aan die kruis tot vergifnis van ons sonde. Handeling 10,43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sonde deur sy Naam ontvang. Met verwysing na u vertaling wat die dooptekste so duidelik verstaanbaar maak, sou ek graag wil weet, hoe is u gedoop en hoe voer u die doop sakrament uit.

Antwoord

Prof Jan van der Watt antwoord:

Jy is reg, daar is verskillende opinies op die webblad wat deur verskillende persone geskryf is. As jy mooi kyk by die doel van die webblad is dit nie om 'antwoorde' te gee nie, maar om kennis beskikbaar te stel. As jy die verskillende standpunte lees, kyk hoe argumenteer die persoon wat dit geskryf het, kyk watter verse hy gebruik en hoe hy of sy dit verstaan. Die gevaar is altyd dat ons net sekere verse kies en dan ons leer daarop bou. Die vraag is dan waarom ons die ander uitlos wat miskien op iets anders van die doop klem lê? Die

geheim van goeie Bybeluitleg is om balans te hou en nie die een vers bo die ander te kies nie. Ons praat van 'n innerkanoniese (of binne-Bybelse) gesprek, waar ons al die betrokke verse wat oor 'n saak, byvoorbeeld die doop, gaan saam lees en dan vra hoe ons dit moet verstaan sonder om die een bo die ander te bevoordeel, want dan kry jy eensydige verstane van die teks.

Natuurlik is daar maar een Here en een doop – die Christelike doop wat, as jy die artikels lees, die aanduiding is van die verandering wat in 'n mens se lewe plaasvind as jy 'posisies' verruil van die negatiewe posisie van 'n nie-gelowige tot die posisie van 'n gelowige. Dit moes in die openbaar tussen jou nuwe 'familie' gedoen word sodat almal dit kan sien en kan weet waar jy nou tuishoort. Daarom is daar nie voorgeskryf presies hoe dit gedoen moet word nie (bv. baie of bietjie water, in 'n rivier, dam of by 'n doopbak) nie. Dit wat dit doop wou se, naamlik die verwisseling van posisies was die belangrikste.

Oor die groot en kleindoop kan jy heelwat op die webblad lees.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)